Omgeegroepmateriaal – 3 tot 7 Mei 2021

Handelinge 8:26-40

5de Sondag van Paastyd

Ons storie:

In die teksgedeelte gaan dit in die eerste plek oor God, meer spesifiek oor God die Heilige Gees. Die Gees handel hier vreemd. Ons sien dat dit die Gees is wat die volgelinge van Jesus byna stoot in ‘n rigting en instaat stel om die goeie nuus te verkondig. Ten diepste word dié Gees verbind aan die genade. Die goeie nuus, dit wat dié nuus góéd maak, is die genade – dat die Gees herkenbaar word as die Genadige, wat die genade nie begrens nie. Dié genade bereik die uithoeke.

_____

_____

Word stil

Filippus doop die ontmande Etiopiër, want Jesus is almal se Verlosser. Die Here hoor ook ons geroep om hulp vandag. God doen net wat goed is vir jou omdat Hy jou volmaak liefhet. Die Here is soos ’n wingerdstok waaruit ons as lote spruit – Hy voorsien wat ons nodig het om geestelik te groei en gehoorsaam te wees. Word stil vir ‘n oomblik en dink na oor al die stellings.

_____

_____

God se storie - Wat sê die Bybel?

Lees saam die sleutelteks Handelinge 8: 26-40 . As daar tyd is, lees dit uit verskillende vertalings.

Jy kan ook die volgende tekste bylees: Psalm 22:25-31; 1 Johannes 4:7-21;Johannes 15:1-8

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

_____
_____

In die teksgedeelte van die klem val die klem ook sterk op die doop. Sou jy sê die teks bevraagteken die verbondsdoop van kinders of beliggaam die doop juis die onvoorwaardelike, onbegrensde genade van God? Hoe sien julle nou die doop?

_____
_____

In die lig van die teks wat sou julle sê beteken getuienis en die uitdra van die evangelie? En, is daar nog plek daarvoor in ons samelewing met soveel verskillende gelowe?

_____
_____

Wat sou jy uitwys is die rol van die Heilige Gees in die teksgedeelte?

_____
_____

Bespreek die volgende stellings.

Wat se rol speel die Ou Testament in ons geloof vandag nog?

_____
_____

Ons nuwe storie:

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.

1. Die teks gee ons ‘n prentjie van hoe God, spesifiek Jesus en die Gees, aktief is onder ons. Jesus, die Here, gee deur ‘n boodskapper, die engel, leiding. God doen dit ook deur die Gees wat opdragte gee. Kyk net hoe pragtig maak ons Skrifgedeelte dit oop, dat die Gees die Wóórd gebruik om iemand tot geloof te bring. Lees Spreuke 16:9 en bespreek hoe belangrik die werk van die Heilige Gees in ons lewens is.

_____
_____

2. Dink jy dat net geloof, gebaseer op die Skrif, sowel as op die bereidheid om die gawe van die versoeningsdood van Christus te aanvaar (Jes 53:7-8), al is wat nodig is om die evangelie te verkondig?

_____
_____

3. Lees Romeine 1:16 en bespreek. Hoe is die evangelie en die woord deel van jou dag-tot-dag bestaan in die omgang met mense rondom jou?

_____
_____

4. Wanneer jy die woord gehoorsaam hoor wat maak dit in jou los? Wat beteken gehoorsaamheid in jou lewe vir jou?

_____
_____

God werk deur die Heilige Gees, die Woord en deur gehoorsame mense? Hoe werk God nog vandag?

_____
_____

Word stil:

Vra dat God ons in hierdie Pinkstertyd weer sal herinner aan wie Jesus is en hoe Hy opgetree het sodat ons Hom daarin kan navolg.

_____
_____

Hoe kan ons vir mekaar hierdie week bid?

_____
_____

Het enige iemand spesifieke gebedsbehoeftes?

_____